KRUISKERK.co.za
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Markus 13 : 21-37
**Tema :** Woorde wat voortleef

## BROODJIES VIR DIE PAD

"Raise your words, not voice. It is rain that grows flowers, not thunder."
— Rumi

"Without words, without writing and without books there would be no history, there could be no concept of humanity."
— Hermann Hesse

"The truth is not always beautiful, nor beautiful words the truth."
— Lao Tzu, Tao Te Ching

"The Greek word for "return" is nostos. Algos means "suffering." So nostalgia is the suffering caused by an unappeased yearning to return."
— Milan Kundera, Ignorance

"In a world of chance is there a better and a worse? We yield to a stranger's embrace or give ourselves to the waves; for the blink of an eyelid our vigilance relaxes; we are asleep; and when we awake, we have lost the direction of our lives. What are these blinks of an eyelid, against which the only defence is an eternal and inhuman wakefulness? Might they not be the cracks and chinks through which another voice, other voices, speak in our lives? By what right do we close our ears to them?"
— J.M. Coetzee, Foe

"The way of Jesus cannot be imposed or mapped — it requires an active participation in following Jesus as he leads us through sometimes strange and unfamiliar territory, in circumstances that become clear only in the hesitations and questionings, in the pauses and reflections where we engage in prayerful conversation with one another and with him."
— Eugene H. Peterson, The Jesus Way: A Conversation on the Ways That Jesus Is the Way

"If we want people to fully show up, to bring their whole selves including their unarmored, whole hearts—so that we can innovate, solve problems, and serve people—we have to be vigilant about creating a culture in which people feel safe, seen, heard, and respected."
— Brené Brown, Dare to Lead: Brave Work. Tough Conversations. Whole Hearts.

"Finding the occasional straw of truth awash in a great ocean of confusion and bamboozle requires intelligence, vigilance, dedication, and courage. But if we don't practice these tough habits of thought, we cannot hope to solve the truly serious problems that face us --- and we risk becoming a nation of suckers, up for grabs by the next charlatan who comes along."
— Carl Sagan

"What you are is God's gift to you, what you become is your gift to God."
— Hans Urs von Balthasar, Prayer

"You're going to come across people in your life who will say all the right words at all the right times. But in the end, it's always their actions you should judge them by. It's actions, not words, that matter."
— Nicholas Sparks, The Rescue

"See how you attempt to bring about change—both in yourself and in others—through the use of punishment and reward, through discipline and control, through sermonizing and guilt, through greed and pride, ambition and vanity, rather than through loving acceptance and patience, painstaking understanding and vigilant awareness."
— Anthony de Mello, The Way to Love: Meditations for Life

"The most telling and profound way of describing the evolution of the universe would undoubtedly be to trace the evolution of love."
— Pierre Teilhard de Chardin

***Kelvin Singini, Malawiër en geliefde kelner van die restaurant Asta in Stellenbosch, is verlede week in Tygergberg Hospitaal oorlede weens wonde wat hy opgedoen het tydens 'n brand in sy huis in Kayamandi.***

***Willem de Swyger dra 'n gedig aan hom op. 01/08/2023***

jy was ’n kelner
wat my soms bedien het
’n vreemdeling
uit ’n vreemde land
wat ’n heenkome hier kom soek het
’n beter lewe
’n beter toekoms –

ek het gehoor
van die brand
by jou huis in die township

hoe jy dae lank
geveg het in Tygerberg
teen infeksie
die antibiotika
die ventilator
die adrenalien

gisternag
het jy stil die wêreld verlaat
’n vreemdeling
in ’n vreemde land
vêr weg van jou mense
vêr weg van jou kinders

ek onthou jou glimlag
jou vriendelikheid
hoe respekvol jy was
en hoe blymoedig

ek steek ’n kers op
om jou herinnering te eer
om jou lewe
jou nalatenskap
die feit dat jy hier was
te gedenk
lewend te hou

rus in vrede

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Geestelike waardes: Wat kan die wye see vir ons leer oor hierdie lewe?**

In haar boek Petite philosophie de la mer (2022; in Nederlands vertaal as Een kleine filosofie van de zee) besin die Franse filosoof Laurence Devillairs in 24 kort hoofstukke oor hoe die see ons tot beskeidenheid kan noop en ons wesentlike lewenslesse kan leer.

Die skrywer wil geensins die see romantiseer nie; op see word ’n mens immers gekonfronteer met storms en skipbreuk, met rukwind en reusegolwe. Een van die hoofstukke handel dan ook oor hoe die see deur die eeue as bedreigend beleef is, as ’n ruimte van chaos waar monsters woon. Op ’n seekaart van 1510 lees ons byvoorbeeld: “Hic sunt dracones.” (“Hier vind jy drake.”) En daar is verder ook hoofstukke oor seerowers, seesiekte en ysberge.

Wat Devillairs vroeg in haar boek reeds uitlig, klop waarskynlik met baie van ons se ervaring: Die see wek dikwels in ons ’n sekere verlange op. Dalk na iemand. Of na elders. Of na ’n ander soort lewe. En natuurlik assosieer ons die see ook met die verlange na somer en vakansie, na ’n tydperk van vryheid en sintuiglike vreugde.

Wat verder Devillairs se “kleine filosofie van die see” stempel, is die gedagte dat ons nie ’n greep op die see kan kry nie. Dit is ewigdeur in beweging.

Dit weerstaan ons pogings om dit te tem of te koloniseer. Die see leer ons dat daar altyd misterieuse kontreie is wat ons beheer ontglip en begrip oorstyg. Maar, voeg sy by, wat ons ook in vervoering kan bring.

In hierdie sin kan die see met sy geheime ook op ons nadenke oor geloof en God inspeel. Wat herinner aan ’n Middeleeuse legende oor die heilige Augustinus, wat op ’n dag langs die see gaan stap het terwyl hy aan sy omvangryke boek De Trinitate gewerk het. Volgens dié legende – wat later in ’n hele aantal kunswerke verbeeld is – het die kerkvader oor die probleem van God se drie-enigheid nagedink toe hy ’n kind sien besig om met ’n seeskulp seewater in ’n klein gaatjie in die sand te gooi. Augustinus het hom dopgehou en uiteindelik vir hom na sy optrede gevra.

“Ek gaan al die see se water opskep en in hierdie gaatjie gooi,” kom die antwoord.
Waarop Augustinus reageer: “Maar dit is tog onmoontlik. Die oseaan is te groot en die gaatjie is te klein.”
Die kind se antwoord hierop het Augustinus verwonderd gelaat: “Inderdaad, maar ek sal gouer al die water van die see daarin kan gooi as wat jy

die geheimenis van die drie-enige God kan deurvors." – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*